UITERS GEHEIM

UITERS GEHEIM

74

Kopien° 3 van 3

MEMORANDUM

DBB(SK)/311/1/29

15 Maart 1983

Van: Dir BB

Aan: H Dir TI

H Dir KO (Aandag: brig Hugo)

SSO (Sk) (Kol van Ravesteyn)

DEFENCE INTELLIGENCE
**DECLASSIFIED**
2012 -01- 12
J.A.L STEINMANN
72563596PE WO1

GESPREK MET CITRIC

1. Op 11 Mrt het HSI vir CITRIC laat roep met die doel om hom mee te deel van sy besoek aan die VSA 15 tot 19 Mrt 83.

2. CITRIC het ook sy assistent (Gene Culbertson) wat onlangs arriveer het kom voorstel. Sy assistent praat terloops goeie Afrikaans. HSI het CITRIC versoek om sy organisasie te verwittig van HSI se besoek aan die VSA en indien moontlik 'n ontmoeting tussen HSI en die Hoof daar te reël. WA, Washington moet die nodige program koördineer.

Bylaag A

3. Hierna is kortliks gepraat oor die besoek van die twee lede van hulle komops aan die RSA op 21 Mrt 83. Beide lede is hoogs bekwaam en spesialiste op die Kubane. Die een is glo byna blind en dra 'n baie dik bril en veral hy moet ten volle "getap" word. CITRIC voel dat ons die maksimum kennis van die twee lede moet bekom. Tussen hulle en ons moet ons op die beste wyse besluit waarmee ons op komops gebied die Kubane kan oorwin. Hulle sal die metodes wat hulle gebruik en wat hulle die effektiefste vind aan ons meedeel om op die proef gestel te word. So ook sal hulle graag van ons, van gebeure in Angola wil verneem, wat hulle in hulle uitsendings na Kuba kan benut om die nodige demoralisasie teweeg te bring. Ook moet daar op 'n kommunikasiekanaal besluit word om op kort kennisgewing komops "inligting" uit te ruil. Die twee here is tot ons beskikking vir so lank ons hulle wil hê. CITRIC sê ons moet hulle kennis tap so veel ons kan.

4. Tydens die gesprek het HSI ook opdrag gegee dat 'n eksemplaar van ANC se propaganda stuk wat bestaan uit RSA koerantuitknipsels aan CITRIC gegee moet word.

5. CITRIC het verwys na die Gerhardt-geval en weer eens daarop gewys dat hulle betrokkenheid uiters sensitief is. Dat hy nie bewus was van die feit dat die SAW hulle eie sekerheid doen nie. Nadat hulle bewus geraak het van die lekkasie het hulle lank gedink oor wie genader moet word tussen NI, SAP(V) en SAW. Hulle het toe op NI besluit omdat hulle reeds die kontak gevestig het. Dit is ook genoem, nou dat hulle weet dat ons ons eie sekerheid doen, dat hulle waar moontlik ons kan help. Hoewel CITRIC nog nie sy mense genader het om te bepaal of hulle bereid sal wees om met opleiding ens te help nie, is hy seker hulle staan simpatiek. Daar is toe besluit om die ontmoeting tussen CITRIC en H Dir TI so gou moontlik te reël en daar kan dan bepaal word wat die verdere verhouding/hulp kan wees.

M2 mekaar gesien op 21 Maart 1983. Para 5, laaste sin kverbo.

M1 DBB – is dit reeds gedoen? 24/5.

[signature]

DIREKTEUR BUITELANDSE BETREKKINGE: BRIG

UITERS GEHEIM

UITERS GEHEIM